# HOËRSKOOL MONTANA

# TOEKENNINGSREGLEMENT

## Komitee & Kontakpersone

| | |
|---|---|
| ***ORGANISEERDER & ALGEMENE NAVRAE:*** | Me. M. du Plooy<br>mduplooy@hsmontana.co.za |
| ***AKADEMIE:*** | Me. I. Prinsloo<br>iprinsloo@hsmontana.co.za |
| ***SPORT:*** | Me. N. Olivier<br>nolivier@hsmontana.co.za |
| ***KULTUUR:*** | Me. N. van Niekerk<br>nvanniekerk@hsmontana.co.za |
| ***LEIERSKAP:*** | Me. S. Saraiva<br>ssaraiva@hsmontana.co.za |
| ***DISSIPLINE:*** | Me. J. Bohlmann<br>jbohlmann@hsmontana.co.za |

PURE MONTANA

**Hersien Maart 2026**

## ALGEMENE RIGLYNE

- 'n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit (byvoorbeeld indien dit erekleure is word halfkleure nie gegee nie).
- Die reglement word van tyd tot tyd geëvalueer en hersien. Daarom kan veranderinge gedurende die jaar aangebring word.
- 'n Penning is 'n spesiale toekenning.
- Leerders wat vanaf ander skole kom, kan erkenning ontvang by bewyslewering van prestasies wat voldoen aan hierdie reglement.
- Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen moes speel en 90% van die oefeninge bygewoon het.
- Voorwaarde: Toekennings is onderhewig aan ware Montie-burgerskap. Spesiale toekennings en trofeë is onderhewig aan die goedkeuring deur die bestuurskomitee.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die reglement opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne.
- Alle toekennings moet deur bewyse van 'n amptelike liggaam gestaaf word.
- **Die finale beslissing ten opsigte van toekennings berus by die organiseerders en die Toekenningskomitee.**

**VERWYS NA AFDELINGS A – H VIR SPESIFIEKE TOEKENNINGS.**

## AFDELING A: AKADEMIESE TOEKENNINGS

Graad 8 tot 11 se toekennings word volgens die finale promosiepunt bereken. Dit word uitgegee in Februarie van die daaropvolgende jaar tydens die Akademiese prysuitdeling. Graad 12-toekennings word gemaak op grond van hul jaarpunte en uitgegee tydens die "Excelsior" funksie aan die einde van die jaar. Alle toepaslike eksamens moet afgelê word alvorens die toekenning gemaak word. Indien die nodige eksamens nie afgelê word nie, sal die leerder die nodige toekenning waarvoor gekwalifiseer word ontvang, maar kan nie in aanmerking geneem word vir die Top 15 nie.

### 1. TOEKENNINGS

**Sertifikaat van Verdienste**

- Graad 8 en 9: Gemiddeld van 80% en hoër
- Graad 10: Gemiddeld van 75% en hoër
- Graad 11 en 12: Gemiddeld van 75% en hoër

**Halfkleure**

- Graad 9: Gemiddeld van 80% en hoër vir twee skooljare
- Graad 10: Gemiddeld van 80% en hoër vir twee skooljare
- Graad 11 en 12: Gemiddeld van 75% en hoër vir twee skooljare

**Erekleure**

- Graad 9: Gemiddeld van 90% en hoër vir twee skooljare
- Graad 10: Gemiddeld van 80% en hoër vir drie skooljare
- Graad 11 en 12: Gemiddeld van 80% en hoër vir drie skooljare

**Erebaadjie**

Toegeken aan Graad 10 – 12 leerders wat as een van die Akademiese Top 10 van die vorige jaar aangewys is – mits die gemiddeld van die leerder 85% en hoër is.

Toegeken aan Graad 8 en 9 leerders wat as een van die Akademiese Top 5 van die vorige jaar aangewys is – mits die gemiddeld van die leerder 85% en hoër is.

**Erepennings**

- Brons: Graad 10: Gemiddeld van 90% en hoër vir drie skooljare
- Silwer: Graad 11: Gemiddeld van 80% en hoër vir vier skooljare
- Goud: Graad 12: Gemiddeld van 80% en hoër vir vyf skooljare

## 2. VAKTOEKENNINGS

Beste vakprestasie word toegeken aan leerders wat die beste presteer in ’n vak met ‘n minimum vereiste van 80%. Leerders ontvang ’n geldbewys en ‘n sertifikaat.

## 3. TOPPRESTEERDERS IN GRAAD

Top 15-leerders in elke graad ontvang ‘n Top 15-balkie. Die Top 15-leerders is gegrond op die finale gemiddelde promosiepunte vir die vorige jaar (Graad 8 tot 11) en jaarpunte (Graad 12).

## 4. ANDER TOEKENNINGS

### 4.1 EKSPO

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Brons sertifikaat/ medalje (Gauteng-Noord)

- **Halfkleure**
  Silwer sertifikaat/ medalje (Gauteng-Noord)

- **Erekleure**
  Goue sertifikaat/ medalje/ kategoriewenner (Gauteng-Noord) Toeken van Halfkleure vir drie agtereenvolgende jare.

- **Erepennings**
  Brons: Silwer medaljewenner (Nasionaal)
  Silwer: Goue medaljewenner (Nasionaal)
  Goud: Gekies om Suid-Afrika op internasionale vlak te verteenwoordig

### 4.2 OLIMPIADES

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Enige leerder wat deurdring na 2$^{de}$ rondte van olimpiade

- **Halfkleure**
  Deel van boonste 10% wat deurdring na finale ronde van olimpiade. Deel van Top 4 – 10 by nasionale kompetisie.

- **Erekleure**
  Toeken van Halfkleure vir drie agtereenvolgende jare.
  Deel van Top 3 by nasionale kompetisie.
  Skool/span algehele wenners op streekvlak (Gauteng).
  Individuele wenners (Gauteng).

- **Pennings**
  Brons: Silwer medaljewenner/naaswenner (nasionaal).
  Silwer: Goue medaljewenner/wenner (nasionaal).
  Goud: Internasionale deelname/ wenner

Aangesien die aard van eksamens aansienlik verskil, berus die finale besluite oor toekennings by die komitee.

### 4.3 VASVRAE EN SPELLING BEE

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Enige leerder wat deel is van die skoolspan of leerder genomineer vir uitsonderlike prestasie

- **Halfkleure**
  Skool/span algehele wenners of individuele wenner van ‘n kompetisie. (1 keer)

- **Erekleure**
  Toeken van Halfkleure vir drie agtereenvolgende jare.
  Wenner(s) van ’n kompetisie (3 of meer kere).
  Deelname aan Nasionale kompetisie.

## 5. TOP AKADEMIESE TOEKENNINGS

**Dux-leerder en trofee vir uitnemende akademiese prestasie**

- Word toegeken aan die matrikulant wat die beste akademiese prestasie behaal het. Die prestasie word bereken na aanleiding van die jaarpunt wat gedurende die matriekjaar behaal word.

## *AFDELING B: KULTUURTOEKENNINGS*

Dit is elke aktiwiteitshoof/verantwoordelike personeellid se verantwoordelikheid om betrokke leerders se prestasies/punte ensovoorts, jaarliks te administreer en op ’n sigblad aan te teken. Hierdie inligting moet deur die betrokke personeellid gekontroleer word ter wille van ’n leerder se merietetoekennings. Dit is die aktiwiteitshoof se verantwoordelikheid om toe te sien dat leerders se kultuurpunte jaarliks korrek is. Die betrokke personeellid moet die punte van die leerder volgens hierdie beleid bestuur.

Die sigblad wat deur die aktiwiteitshoof aan die Kultuurhoof gestuur word, moet alle punte weergee. Daar moet baie duidelik aangedui word watter punte die leerder vir die aktiwiteit verwerf het. Die Kultuurhoof is verantwoordelik om toekennings goed te keur NADAT die aktiwiteitshoofde dit klaar gekontroleer het en die sigblad aan die Kultuurhoof gestuur het.

Kultuurtoekennings word soos volg toegeken:

- **Sertifikaat van Deelname**
  Leerder moet ten minste 500 punte vir die jaar versamel het.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Leerder moet ten minste 500 punte plus addisionele 100 punte vir die jaar versamel het.

- **Halfkleure**
  Leerder moet ten minste 1000 punte vir die jaar versamel het of drie agtereen-volgende jare verdienste sertifikaat verwerf het.

- **Erekleure**
  Leerder moet ten minste 2000 punte vir die jaar versamel het of drie agtereen-volgende jare halfkleure verwerf het.

- **Erebaadjie**
  Leerder moet aan ten minste twee verskillende kultuuraktiwiteite deelneem en 'n minimum van 3000 punte vir die jaar insamel.

- **Penning**
  Brons: Individuele of groep derde plek (landswyd).
  Silwer: Individuele of groep tweede plek (landswyd).
  Goud: Individuele of groep eerste plek (landswyd).

## 1. TONEEL

Toekennings sal volgens die bydrae en rol van die speler bepaal word. Akteurs en tegniese bystand verdien toekennings vir toneel. Die finale beslissing berus by die Kultuurhoof asook die komitee.

**Puntetoekenning**

| | |
|---|---|
| Deelname aan skoolkompetisie (eenmalig) | 500 punte |
| Deelname aan ATKV-kompetisie (eenmalig) | 500 punte |
| Graadwenner / wenner | 100 punte |
| Klank, beligting, verhooghulp | 100 punte |
| Ondersteunende karakter | 200 punte |
| Hoofkarakter | 300 punte |
| Deur na ATKV streeksfinaal | 100 punte |
| Tweede/ Derde plek by ATKV streeksfinaal | 300 punte |
| ATKV – individuele toekenning (Goud) | 100 punte |
| ATKV – individuele toekenning (Silwer) | 50 punte |
| Streekwenner ATKV | 1000 punte |
| 3 Jaar lid van ATKV toneel | 1000 punte |
| Deelname aan finaal (Aardklop) / Landswye wenner | 2000 punte |

**Trofee**

| | | |
|---|---|---|
| Skoolkompetisie: | Beste Jnr akteur | Beste Jnr aktrise |
| | Beste Snr akteur | Beste Snr aktrise |
| | Best Actor | Best Actress |
| | Beste algehele aktrise | Beste algehele akteur |

## 2. TWEETALIGE, AFRIKAANSE EN ENGELSE REDENAARS EN DEBATTE

Die skool affilieer by spesifieke redenaarskompetisies en erken slegs prestasies van die kompetisies: ATKV, Oppie-Tong-Af, Kansvatters, Radikale Redenaars, Van Huyssteens-Oratorsfees, Interskole Redenaarsliga SA en Dink-of-Sink

Leerders mag vir enige ander kompetisie inskryf, maar sal NIE erkenning daarvoor ontvang NIE.

**Puntetoekenning**
Interne deelname ........................................ 100 punte
Interne wenner ........................................ 100 punte
Eksterne deelname in spanverband ........................................ 200 punte
Eksterne deelname as individu ........................................ 200 punte
Simbole A++ ........................................ 100 punte
Simbole A+ ........................................ 50 punte
Radikale Redenaars (Leesfees) en Kans!vatter – deur na volgende rondte ...... 100 punte
Radikale Redenaars (Redenaarsafdeling) – deur na volgende rondte ............... 200 punte

| 500 PUNTE | 1000 PUNTE | 2000 PUNTE |
|---|---|---|
| 1. Deelname aan ten minste 3 byeenkomste (een kan Intern wees)<br>2. ATKV Semi-finaal<br>3. Oratorsfees Semi-finaal<br>4. ATKV debat wenner<br>5. Radikale Redenaars deur na finaal | 1. Drie jaar eksterne deelname<br>2. ATKV deur na finaal<br>3. Afdelingswenner Oratorsfees<br>4. Radikale Redenaars - Streekwenner<br>5. Individuele/Span Streekwenners van Oppie Tong Af-finaal.<br>6. Individuele/span Streekwenners van Interskole Redenaars. | 1. Vyf jaar deelname<br>2. Wenner ATKV landswyd<br>3. Radikale Redenaars - Landswye wenner<br>4. Individuele/Span wenners van Oppie Tong Af-finaal.<br>5. Individuele/span wenners van Interskole Redenaars. |

**Trofeë**
Goue-Aand: Bergvlam Redenaarstrofee

## 3. SKOOLKOOR

80% bywoning van repetisies en optredes is ‘n voorvereiste vir enige toekenning.

**Puntetoekenning**

| 500 PUNTE | 1000 PUNTE | 2000 PUNTE |
|---|---|---|
| 1. Een/twee jaar lid van die skoolkoor<br>2. Deelname aan enige streekskoor (mits leerder lid van skoolkoor is)<br>3. Deelname aan Streekkompetisie | 1. Drie jaar lid van die skoolkoor<br>2. Streekkompetisiewenner<br>3. Goud by ATKV-Applouskompetisie (provinsiale kompetisie). | 1. Vyf jaar lid van die skoolkoor<br>2. Deelname aan die landswye finaal: ATKV Applous |

**Penning**
Brons: Naaswenner van nasionale kompetisie (Applous)
Silwer: Wenner van nasionale kompetisie in hoogste kategorie (Applous)
Goud: Internasionale deelname as SA-verteenwoordiger op grond van nasionale uitdunne/kompetisie.

## 4. KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

Die skool affilieer by die volgende Kunswedstryde (Pretoria Eisteddfod, Afrikaanse Kunsvereniging en Noorderkruin kunstefees) en erken leerders se prestasie by hierdie kunswedstryde.

Inskrywings deur 'n drama/musiek/sang skool kom NIE in aanmerking vir kultuurpunte NIE – dit word gesien as kultuur buite-skoolverband.

**Puntetoekenning**

Eksterne deelname (eenmalig)................................................................ 200 punte
Simbole A++............................................................................................ 100 punte
Simbole A+.............................................................................................. 50 punte
Afdelingswenner/ Kategoriewenner......................................................... 200 punte
Trofeewenner .......................................................................................... 500 punte

## 5. INTERNE KULTUURGELEENTHEDE

Punte word per geleentheid toegeken. Geleenthede wat in ag geneem word is English Evening en Montie-Artés.

**Puntetoekenning**

Deelname ................................................................................................. 50 punte
Graadwenners/Wenners........................................................................... 100 punte

## 6. REVUE

**Puntetoekenning**

Deelname/ Danser/ Toneelkarakter......................................................... 500 punte
Hoofsolis ................................................................................................. 500 punte
Ondersteunende solis............................................................................... 300 punte
Klank, beligting, verhooghulp ................................................................. 100 punte

## 7. TROFEE

Om in aanmerking te kom vir onderstaande trofeë moet leerder ten minste 2000 kultuur punte bymekaargemaak het.

Goue-aand VLR Kultuurseun (Senior seun met meeste kultuurpunte)
VLR Kultuurdogter (Senior dogter met meeste kultuurpunte)
De Jong trofee (Junior seun met meeste kultuurpunte)
Mette Kromhout (Junior dogter met meeste kultuurpunte)
Fortissimo (Kultuurleerder van die jaar – veelsydigheid sowel as prestasie)

## *AFDELING C: SPORTTOEKENNINGS*

Provinsiale kleure: Tref onderskeid tussen provinsiale toernooie (Halfkleure) en nasionale toernooie (Erekleure.)

Alle toekennings is onderhewig aan Montie-burgerskap en goeie gedrag. Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele.

Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die die oefeninge bygewoon het.

Leerders wat vir drie jaar in 'n B-span speel en vir al drie jare die liga wen kwalifiseer vir Halfkleure.

Alle prestasies moet deur amptelike dokumentasie van 'n amptelike liggaam gestaaf word.

### 1. ATLETIEK

Alle toekennings word vir individuele prestasies gemaak.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Atleet wat lid is van die Interhoër atletiekspan.
- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Kaptein van die Interhoër span.
  - Deelname aan Distrikkampioenskap.
  - Silwer/ Brons medaljewenner (nie A-bond/ nie NWU groep 1)
  - Beste atleet per item (volgens ASA tabel) tydens A-bond Interhoër
- **Halfkleure**
  - Silwer/Brons medaljewenner tydens die Pretoria A-bond Interhoër
  - Lid van die Distrikspan vir deelname aan Gautengkampioenskap
  - Distrikkampioen
  - Drie/ vier jaar lid van die Pretoria A-bond Interhoërspan
  - Lid van span wat NWU Groep 2 Interhoër wen
- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van die Pretoria A-bond Interhoërspan
  - Byeenkomsrekord (Pretoria A-bond Interhoër)
  - Individuele trofeewenner (Pretoria A-bond Interhoër)
  - Twee eerste plekke – aflosse uitgesluit (NWU Groep 1 of A-Bond Interhoër)
  - Medaljewenner op AGN/Gauteng kampioenskap
  - Lid van wenspan (NWU Groep 1 of A-Bond Interhoër)
  - Provinsiale kleure vir deelname aan Nasionale kampioenskap (ASA en USSASA).
- **Erebaadjie**

  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale/Nasionale kleure verwerf of 'n medalje-wenner tydens Provinsiale/ Nasionale kampioenskappe is.

- **Pennings**
  Brons: Brons/Silwer medalje op nasionale kampioenskappe.
  Silwer: Goue medalje op nasionale kampioenskappe.
  Goud: SA-rekordhouer
  Lid van 'n nasionale span.

- **Trofeë**
  Interhuis: Worpe
  Spronge
  Beste Dogter hekkie atleet
  Beste Seuns hekkie atleet
  100m Dogter
  100m Seun
  Middelafstande Dogter
  Middelafstande Seun
  Jnr Victrix Ludorum
  Jnr Victor Ludorum
  Snr Victrix Ludorum
  Snr Victor Ludorum

  Goueaand: Junior dogter atleet van die Jaar
  Junior seun atleet van die Jaar
  Senior dogter atleet van die Jaar
  Senior seuns atleet van die Jaar

  Toekennings word gemaak op grond van die beste enkele individuele prestasies (plek behaal) volgens die volgende orde van belangrikheid: In geval van 'n gelykop-uitslag, word na die volgende beste prestasie gekyk.

  Internasionale deelname, SA-kampioenskappe (ASA & SA-Skole), Gauteng-kampioenskappe, Gauteng-Noord kampioenskappe, NWU Interskole (A-span), Pretoria A-bond (Jakaranda).

## 2. BERGFIETS

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Ryers wat gedurende die seisoen aan 75% van ligabyeenkomste deelgeneem het.
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Drie jaar lid van die Bergfietsspan en ten minste aan 75% van die Interhoërreeks deelgeneem en 80% van die oefeninge bygewoon het
  - Enige leerder wat op grond van sy/haar prestasie tydens die Interhoër Bergfietsreeks genooi word om aan die SA-Kampioenskappe deel te neem (Top 12 van die skool)

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van die Bergfietsspan en ten minste aan 75% van die Interhoërreeks deelgeneem en 80% van die oefeninge bygewoon het
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen
  - Uitnodiging en deelname aan SA's waartydens deelnemer vir die Gauteng Dream Team / provinsiale span gekies word
  - Podiumposisie (1-5) by Nasionale Kampioenskappe

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat onder die Top 3 op die Landswye ranglys is.

- **Penning**
  Brons penning: Ryers wat ‘n brons of silwer medalje (tweede of derde plek) op die SA-Bergfiets Kampioenskap behaal.
  Silwer penning: Ryers wat ’n goue medalje (eerste plek) tydens die SA-Bergfiets Kampioenskap behaal.
  Goue penning: Ryers wat vir ‘n SA-span gekies word en op ‘n internasionale byeenkoms deelneem.

- **Trofeë**
  Goue-aand: An-li Kachelhoffer Pretorius - Beste Junior dogter ryer
  An-li Kachelhoffer Pretorius - Beste Junior seun ryer
  An-li Kachelhoffer Pretorius - Beste Senior dogter ryer
  An-li Kachelhoffer Pretorius - Beste Senior seun ryer

## 3. CHEERLEADING

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Deelname aan Nasionale kampioenskappe (Nie medaljewenner)
  - Lid van Cheerleading-groep
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Drie jaar lid van die Cheerleading-groep
  - Provinsiale medaljewenners

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van die Cheerleading-groep
  - Nasionale medaljewenners
  - Provinsiale kleure

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: Nasionale kleure (SAMCA) / Nasionale kampioene
  Silwer: SA-oefengroep
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**
  Goue-aand: Cheerleader van die Jaar

## 4. GHOLF

Ten minste 80% van die wedstryde moet gespeel word. ’n Speler kwalifiseer slegs vir onderstaande toekennings indien hy/sy deel is van die skoolspanne.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van die Gholf-span
  - Groepwenners (nie A-liga)
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Drie jaar lid van die hoogste ligaspan
  - NWU-reeks wenners
  - Groepwenners

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van die hoogste ligaspan
  - Ligawenners
  - Provinsiale kleure

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat die Top 10 in die Provinsiale kampioenskappe haal.

- **Penning**
  Brons: Uitnodiging na Provinsiale kampioenskappe
  Silwer: Onder Top 10 tydens Provinsiale kampioenskappe
  Goud: Wenner van Provinsiale kampioenskappe

- **Trofeë**
  (bepaal deur Gholforganiseerder en Toekenningskomitee)
  Goue-aand: Gholfspeler van die Jaar

## 5. HOKKIE (Dogters en Seuns)

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B of C-span

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van ’n A-span
  - Spankaptein
  - NWU-reeks wenners (B-span)
  - Ligawenners (B-span)

- **Halfkleure**
  - NWU-reeks naaswenners (A-span)
  - Liga naaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Naaswenners – Noordvaal
  - Twee jaar lid van die Eerstespan

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - NWU-reeks wenners (A-span)
  - Ligawenners (A-span)
  - Noordvaal wenners
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**

  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf of onder die Top 3 van die Noordvaal kompetisie eindig.

- **Penning**

  Brons: 'n Speler wat vir *Northerns* provinsiale B of C-span gekies word
  Silwer: 'n Speler wat vir *Northerns* provinsiale A-span gekies word
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**

  (bepaal deur Hokkie-organiseerder, Toekenningskomitee en Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Silweroggend: *Dogters*
  Belowendste speler
  Beste Beginner
  Beste Vordering
  Meelewing
  Floribunda – Meeste doele (Slegs 1ste span)

  *Seuns*
  Belowendste speler
  Beste Beginner
  Beste Vordering
  Meelewing
  HIVE (Honor, Integrity, Valour, Excellence) (Slegs 1ste span seuns)

  Goue-aand: Dogter speler van die Jaar
  Seun speler van die Jaar

## 6. JUKSKEI

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Een jaar deelname aan liga (A-span)
  - Spankaptein
  - Ligawenners (B-span)

- **Halfkleure**
  - Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van ’n A-span
  - Noordvaal wenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**

  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**

  Brons: ‘n Speler wat vir provinsiale B of C-span gekies word
  Silwer: ‘n Speler wat vir provinsiale A-span gekies word
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**

  (bepaal deur Jukskei-organiseerder, Toekenningskomitee en Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Goue-aand: Dogter speler van die Jaar
  Seun speler van die Jaar

## 7. KRIEKET

Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein
  - Reeks-of Ligawenners (B-span)
  - Leerlinge wat die volgende behaal het:
    - 100 lopies in 'n ligawedstryd
    - 5 paaltjies in 'n ligawedstryd
  - Tellinghouers: Leerders wat 80% van wedstryde in 'n bepaalde seisoen telling gehou het.

- **Halfkleure**
  - Reeks-of Liga naaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Twee jaar lid van die Eerstespan
  - Gekies vir Noordsone span
  - Tellinghouers ontvang Diens Halfkleure na drie jaar as tellinghouer.

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - Reeks-of Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen
  - Tellinghouers ontvang Diens Erekleure na vyf jaar as tellinghouer.

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: Gekies vir Northerns-skolespan (B of C-span)
  Silwer: Gekies vir Northerns-skolespan (A-span)
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Krieketorganiseerder, Toekenningskomitee en Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Toekennings sal gemaak word na aanleiding van prestasies wat vir Hoërskool Montana se spanne gelewer is.

Silweroggend: Beste Vordering
Junior bouler van die Jaar
Junior kolwer van die Jaar
Senior bouler van die Jaar
Senior kolwer van die Jaar
Vangskoot van die Jaar
Junior mees veelsydige speler
Senior mees veelsydige speler

Goue-aand: Speler van die Jaar (senior)
Slabbert – Junior speler van die Jaar

## 8. LANDLOOP

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool se landloopspan

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Onder eerste 5 spanne tydens aflosbyeenkoms
  - 3 jaar deelname
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Reekswenners
  - Span wat kwalifiseer vir Noordvaal finaal
  - Gekies vir AGN-span vir deelname aan SA's
  - Gekies vir Distriktespan en deelname aan Gauteng kampioenskappe
  - 5 jaar deelname

- **Erekleure**
  - Noord-Gauteng kleure: A-span wat deelneem by SA's
  - Eindig tussen die eerste 6 op AGN kampioenskappe
  - Gautengspan vir deelname aan SA-Skole kampioenskappe
  - Tussen eerste 6 atlete op skole liga ranglys
  - Span wat onder die eerste 3 spanne eindig in Gauteng-Noord

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf of Nasionale medaljewenners is.

- **Penning**
  Brons: Brons of silwer medalje op nasionale kampioenskappe.
  Silwer: Goue medalje op nasionale kampioenskappe.
  Goud: SA-rekordhouer; lid van die nasionale span.

- **Trofeë**
  Goue-aand: Beste Junior dogter
  Beste Junior seun Beste Senior dogter Beste Senior seun

## 9. NETBAL

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B, C of D-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein
  - NWU-reeks wenners (B-span)
  - Ligawenners (B, C of D-spanne)

- **Halfkleure**
  - NWU-reeks naaswenners (A-span)
  - Liganaaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Neem deel aan Gauteng Kampioenskappe en eindig in Top 10-skole in Gauteng
  - Twee jaar lid van die Eerstespan

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - NWU-reekswenners (A-span)
  - Ligawenners (A-span)
  - Eindig in Top 5 Gauteng Kampioenskappe en kwalifiseer vir SA Top Schools Kampioenskappe)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf of onder die Top 3 in Provinsiale toernooi eindig.

- **Penning**
  Brons: Verwerf Provinsiale kleure (Gauteng kleure in Netbal) Span wat by SA kampioenskappe in Top 5 eindig
  Silwer: 'n Speler wat vir Gauteng provinsiale A-span gekies word SA-oefengroepe in haar ouderdom verwerf
  Goud: SA-skolespan
  Span wat by SA kampioenskappe wen

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Netbalorganiseerder, Toekenningskomitee en Sporthoof in samewerking met afrigters)

| | |
|---|---|
| Silweroggend: | Belowendste speler |
| | Beste Netbalspan |
| | Beste vordering (Junior) |
| | Beste vordering (Senior) |
| | Martie Eksteen – Beste junior speler |
| | André Grobler – Beste senior speler |
| Goue-aand: | Speler van die Jaar |

## 10. NETBAL: FAST 5

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige Fast5-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Spankaptein
  - Liga behaal 2de of 3de plek

- **Halfkleure**
  - Liga wenners (Tshwane skole)
  - Gauteng Fast5 Kampioenskappe 2de of 3de plek
  - Twee jaar lid van ’n 0/18 Fast5 Span

- **Erekleure**
  - Vier jaar lid van ’n Fast5 span
  - Eindig in die top 5 skole by die Gauteng Fast5 Kampioenskappe en kwalifiseer so vir die SASN Fast5 toernooi

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat onder die Top 3 in Provinsiale toernooi eindig.

- **Penning**
  Brons: Fast5 Span wat by SA Kampioenskappe in top 5 eindig
  Silwer: Span wat by SA Kampioenskappe 2de of 3de eindig
  Goud: Span wat by SA Kampioenskappe wen

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Netbalorganiseerder, Toekenningskomitee en Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Silweroggend: Fast5 span van die Jaar

  Goue-aand: Fast5 Beste Junior speler van die jaar
  Fast5 Beste Senior speler van die jaar

## 11. ROLBAL

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool se Rolbalspan (Eerstespan uitgesluit)

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Verteenwoordig die skool se eerstespan tydens die amptelike BGN- skole kampioenskappe.
  - Spankaptein
  - Ligawenner by die B -of C-liga van die BGN-Skolevereniging se Stadsbeker Geregistreerde BSA-merkerkursus voltooi.
  - Geregistreerde BSA-afrigterskursus voltooi.

- **Halfkleure**
  - Lid van span wat Bowls Gauteng North op ‘n provinsiale toernooi verteenwoordig.
  - Ligawenners by die A-liga van die BGN-skolevereniging se Stadsbeker (amptelike skoleliga)
  - Leerders wat drie / vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen

- **Erekleure**
  - Medaljewenner tydens die *Bowls South Africa* provinsiale kampioenskappe.
  - Lid van die provinsiale spanne wat aan die *Bowls South Africa* deelneem.
  - Wenner van die *Gauteng Bowls* se amptelike jeugtoernooi.
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale/Nasionale kleure verwerf of Individuele/ span medaljewenner tydens Provinsiale/Nasionale kampioenskappe.

- **Penning**

| | |
|---|---|
| Brons: | Lid van ‘n span wat ‘n brons- of silwer medalje op nasionale kampioenskappe wen. |
| Silwer: | Goue medalje wenner op nasionale kampioenskap. |
| Goue: | Lid van ‘n nasionale A-span.<br>SA-rekordhouer. |

- **Trofee:**

| | |
|---|---|
| Goue-aand: | Rolbalspeler van die Jaar<br>(Speler wat op die hoogste vlak binne skoolstrukture, asook provinsiaal, presteer het.) |

## 12. RUGBY

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B of C-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein
  - NWU-reeks wenners (B-span)
  - Virseker-beker Ligawenners (B-span)

- **Halfkleure**
  - NWU-reeks naaswenners (A-span)
  - Virseker-beker Liga naaswenners (A-span)
  - Gekies vir Cravenweek Ontwikkelingspan
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaat vereistes voldoen
  - Twee jaar lid van die Eerstespan

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - NWU-reeks wenners (A-span)
  - Virseker-beker Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: 'n Speler wat vir Provinsiale B of C-span / Cravenweek span gekies word
  Silwer: 'n Speler wat vir Provinsiale A-span gekies word
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Rugby-organiseerder, Toekenningskomitee & Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Silweroggend: Christo de Klerk – Beste vordering (junior)
  Johan Ulrich – Beste vordering (senior)
  Beste Junior rugbyspan
  Beste Senior rugbyspan
  Meeste drieë
  Plettervat – duikslag van die seisoen

  Goue-aand: Speler van die Jaar
  "Players player of the year"

**7'S-RUGBY**

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in die B-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein
  - Deelname aan Noordvaal kampioenskappe

- **Halfkleure**
  - Reeks wenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Twee jaar lid van die 0/17A span
  - Lid van skoolspan wat kwalifiseer en aan die Nasionale toernooi deelneem (*Champion of Champions*).

- **Erekleure**
  - Vier jaar lid van 'n A-span
  - Eerste plek tydens Noordvaal kampioenskap
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen
  - Lid van skoolspan wat Nasionale toernooi wen (*Champion of Champions*).

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: 'n Speler wat vir Provinsiale B of C-span gekies word
  Silwer: 'n Speler wat vir Provinsiale A-span gekies word
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Rugby-organiseerder, Toekenningskomitee & Sporthoof in samewerking met afrigters)

  Goue-aand: Speler van die Jaar

## 13. RUITERSPORT

Vir elke "qualifier" waaraan die ruiter deelneem, word 'n gemiddeld van die Sanesa-skoolpunte bepaal, van al die klasse waaraan die ruiter deelgeneem het, per ruiter-perd kombinasie. Aan die einde van die jaar word daardie "qualifiers" se gemiddelde punte gebruik om 'n gemiddeld te bepaal van al die "qualifiers" waaraan die ruiter deelgeneem het, per ruiter-perd kombinasie en per dissipline. Slegs die "qualifiers" se punte word in ag geneem.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Per dissipline wat ruiter aan deelneem, moet daar aan ten minste 3 SANESA "qualifiers" deelgeneem word met enige perd-ruiter kombinasie.
  - Deelname aan die "Newcomers challenge"
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Drie jaar skooldeelname
  - Gauteng-Noordspan vir deelname aan Provinsiale Kampioenskappe.

- **Erekleure**
  - Vyf jaar skooldeelname
  - Gautengspan deelname aan SA's
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Gauteng / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: Behaal 'n tweede of derde plek op die nasionale kampioenskap.
  Silwer: Behaal 'n eerste plek op die nasionale kampioenskap.
  Goue: Lid van Nasionale Span wat aan Internasionale byeenkoms of kampioenskap deelneem. ("graded shows")

- **Trofeë**
  Silweroggend: **Computer Accuracy** – Puntemaker van die Jaar (Ruiter wat die meeste skoolpunte ingesamel het – alle perd-ruiter kombinasies)

  **Pretoria Saddlery** – Veelsydigste ruiter van die Jaar (Toegeken aan ruiter wat in die meeste items Gauteng- Noord en Gauteng kleure ontvang het)

  Goue-aand: **Nuweling** – Junior ruiter van die Jaar (Gr 8 ruiter met die hoogste gemiddelde skoolpunt per ruiter-perd kombinasie)

  **Nooitgedacht** – Senior ruiter van die Jaar (Gr 9 tot 12 ruiter met die hoogste gemiddelde skoolpunt per ruiter- perd kombinasie)

  **Gonda Beatrix** (Ruiter wat op die hoogste vlak (Vlak 7) deelneem aan die Nasionale Kampioenskappe (Gauteng span) en 1$^{ste}$ – 5$^{de}$ plek behaal)

## 14. SAGTEBAL

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in enige B-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein
  - Ligawenners (B-span)

- **Halfkleure**
  - Liga naaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Twee jaar lid van die Eerstespan

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  - SA-0/18 span
  - Gauteng Summer games span
  - Bluesox (IRT A-span)
  - Wenners Tshwane kampioenskappe

- **Penning**

  Brons: 'n Speler wat vir Tshwane Provinsiale B- of C-span gekies word (Redsox, Whitesox)

  Silwer: 'n Speler wat vir Tshwane Provinsiale A-span gekies word (Bluesox), Gauteng Summer Games span, SA-oefengroep

  Goud: SA-0/18 span

- **Trofeë:**

  (bepaal deur Sagtebalorganiseerder, Toekenningskomitee & Sporthoof in same-werking met afrigters)

  Silweroggend: Belowendste speler
  Beste vordering (Junior)
  Meelewing
  Beste junior speler

  Goue-aand: Speler van die Jaar (Beste senior speler)

## 15. SKAAK

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Deelname aan ten minste drie skoolverwante wedstryde
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Gekies vir deelname aan Gauteng Individueel/Span toernooi
  - Reeks-naaswenners (Liga/NWU/Distrik)
  - Drie/vier jaar lid van Skaakspan

- **Erekleure**
  - Gekies vir deelname aan Provinsiale Individueel/Span toernooi
  - Reeks-wenners (Liga/NWU/Distrik)
  - Wenners Gauteng Individueel/Span skolekampioenskap
  - Vyf jaar lid van Skaakspan

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: Lid van provinsiale B-span tydens nasionale toernooi.
  Individuele/span tweede plek by 'n nasionale kampioenskap. (A of B-span)
  Silwer: Lid van provinsiale A-span tydens nasionale toernooi.
  Individuele/span wenner by 'n nasionale kampioenskap. (A of B-span) SA-uitnodigingspan.
  Goud: SA-skolespan of nasionale kleure (internasionale deelname vir S/A).

- **Trofeë**
  Silweroggend: **Belowendste speler** ('n Jong skaakspeler wat uitstekende belofte, talent en betrokkenheid toon.)
  Goue-aand: **Skaakspeler van die Jaar** ('n Topspeler in die skaakspan – prestasie, gesindheid, bydrae en ambassadeurskap word in ag geneem).

## 16. SOKKER

Amptelike reserwes kry erkenning saam met die res van die span by verdere uitspele. Sporttoekennings is onderhewig aan leerders wat 75% van wedstryde vir die seisoen gespeel het en 90% van die oefeninge bygewoon het.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Liga naaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van ’n A-span
  - Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: ‘n Speler wat vir Provinsiale B of C-span gekies word
  Silwer: ‘n Speler wat vir Provinsiale A-span gekies word
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë:**
  (bepaal deur Sokkerorganiseerder, Toekenningskomitee & Sporthoof in samewerking met afrigters)
  Silweroggend: Doelwagter van die seisoen
  Agterspeler van die seisoen
  Binneveldspeler van die seisoen
  Voorspeler van die seisoen
  Goue-aand: Speler van die Jaar

**17. SWEM**

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Lid van die Swemgroep (geen interhoër deelname)

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van die Interhoërspan en aan 80% van vriendskaplike galas deelgeneem.
  - Lid van die Junior Interprovinsiale span en deelname aan die gala.
  - Kaptein van die swemspan.

- **Halfkleure**
  - Drie/Vier jaar lid van die Interhoërspan
  - Lid van wenspan van Interhoër (B-liga).
  - Twee eerste plekke tydens Interhoër (nie aflos)
  - Interhoër rekordhouer (nie aflos)
  - Trofeewenner tydens Interhoër
  - Medaljewenner tydens Gauteng kampioenskappe
  - Medaljewenner tydens Vlak III Streekkampioenskappe
  - Medaljewenner tydens Junior Interprovinsiale gala (nie aflosse)

- **Erekleure**
  - Lid van wenspan van Interhoër (A-liga).
  - Vyf jaar lid van Interhoërspan
  - Drie eerste plekke tydens interhoër (nie aflos)
  - Gekies vir provinsiale span asook deelname aan Nasionale en Senior Provinsiale galas
    - Deelname aan SA Skole Kampioenskappe
    - Deelname aan Junior, Youth of Senior Nasionale Kampioenskappe

- **Erebaadjie**
  Gekies vir deelname aan SA Skole- / Junior, Youth of Senior Nasionale Kampioenskappe

- **Penning**
  Brons: Silwer/ Brons medaljewenner by SA Skole / SANY (South African National Youth (17-25) / SANJ (South African National Junior)/ SANAT (South African Nationals)
  Silwer: Goue medaljewenner by SA Skole / SANY (South African National Youth (17-25) / SANJ (South African National Junior)/ SANAT (South African Nationals)
  Goud SA-rekordhouer in ouderdomsgroep vir 'n item.
  Junior of Senior Nasionale kleure.

- **Trofeë**
  Interhuis: Junior Victor Ludorum Interhuis
  Junior Victrix Ludorum Interhuis
  Senior Victor Ludorum Interhuis
  Senior Victrix Ludorum Interhuis

  Goue-aand: Beste Junior dogter swemmer van die Jaar
  Beste Junior seun swemmer van die Jaar
  Beste Senior dogter swemmer van die Jaar
  Beste Senior seuns swemmer van die Jaar

**18. TAFELTENNIS**

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Lid van die Tafeltennis span (Skole B-liga)

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van die Tafeltennis span (Hoogste ligaspan)
  - Ligawenners (Skole B-liga)
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Drie/vier jaar lid van die Tafeltennis span (Hoogste ligaspan)
  - Medaljewenner by 'n amptelike Tafeltennis SA-kompetisie
  - Ligawenners (Hoogste ligaspan)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van die Tafeltennis span (Hoogste ligaspan)
  - Lid van 'n span wat die Suid-Afrikaanse toernooi wen
  - Lid van 'n Provinsiale span

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale A-span / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**
  Brons: Lid van 'n span wat die Suid-Afrikaanse toernooi wen
  Silwer: Lid van Suid-Afrikaanse skole B-jeugspan.
  Goue: Lid van Suid-Afrikaanse skole A-jeugspan.

- **Trofee:**
  Goue-aand: Tafeltennisspeler van die Jaar (Speler wat op die hoogste vlak binne skoolstrukture, asook provinsiaal presteer het.)

## 19. TENNIS

- **Sertifikaat vir Deelname**
  - Leerder wat deelneem vir die skool in die B-span.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Lid van 'n A-span
  - Reeks-of Ligawenners (B-span)
  - Spankaptein

- **Halfkleure**
  - Liga naaswenners (A-span)
  - Reek naaswenners (A-span)
  - Leerders wat drie/ vier jaar aan sertifikaatvereistes voldoen
  - Twee jaar lid van die Eerstespan

- **Erekleure**
  - Vyf jaar lid van 'n A-span
  - NWU-reeks wenners (A-span)
  - Ligawenners (A-span)
  - Leerders wat drie jaar aan halfkleure vereistes voldoen
  - Speler gekies vir Gauteng-Noord skolespan (juniors en seniors)

- **Erebaadjie**
  Word toegeken aan leerders wat Provinsiale / Nasionale kleure verwerf.

- **Penning**

| | |
|---|---|
| Brons: | Lid van wenspan op SA-skole kampioenskap |
| | Individueel tweede/derde plek op Nasionale kampioenskappe |
| Silwer: | Individuele wenner by Nasionale kampioenskap |
| | Lid van SA-skole (B-span) |
| Goue: | SA-skole (A-span) |
| | Nasionale kleure |

- **Trofeë**
  (bepaal deur Tennisorganiseerder, Toekenningskomitee & Sporthoof in samewerking met afrigters)

| | |
|---|---|
| Goue-aand: | Beste Junior dogter speler |
| | Beste Junior seun speler |
| | Beste Senior dogter speler |
| | Beste Senior seun speler |

## AFDELING D: LEIERSKAPTOEKENNINGS

### 1. LEIERSKAP

- **Sertifikaat van Verdienste**
  VLR-lid, spankaptein, koorleier, medialeier

- **Halfkleure**
  Derde jaar lid van VLR

- **Erekleure**
  Vyfde jaar lid van die VLR
  Lid van die Uitvoerende komitee van die VLR

- **Erebaadjie**
  Toegeken aan die VLR President en Presidente

### 2. JUNIOR STADSRAAD

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Een/twee jaar lid van die Junior Stadsraad.

- **Halfkleure**
  Drie jaar lid van die Junior Stadsraad.

- **Erekleure**
  Uitvoerende komitee van die Stadsraad

## AFDELING E: DIENSLEWERING

Aktiwiteite wat hiervoor in aanmerking kan kom, is byvoorbeeld:

- Klankspan
- Helpers by onthale, funksies en byeenkomste
- Atletiekhulp
- Dink-of-sink debat
- Enige ander vorm van dienslewering

- **Sertifikaat van Verdienste**
  20 ure diens

- **Halfkleure**
  60 diensure oor twee jaar

- **Erekleure**
  100 diensure oor drie jaar

## AFDELING F: DISSIPLINE

Leerders wat geen debietpunte ontvang het nie, ontvang jaarliks 'n brief van gelukwensing. Toekennings vir Dissipline word gemaak vanaf die derde agtereenvolgende jaar waarop geen debietpunte ontvang is nie.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Drie agtereenvolgende jare

- **Halfkleure**
  Vier agtereenvolgende jare

- **Erekleure**
  Vyf agtereenvolgende jare

## AFDELING G: VLIEGAKADEMIE

Erkenning word slegs gegee aan ingeskrewe lede van "Montana Vliegakademie".

- **Halfkleure**
  - Solovlug
  -
- **Erekleure**
  - PPL/Kommersieel
  - Slaag SAQA geakkrediteerde lugwaardinkursus

## AFDELING H: VOORTREKKERS

Toekennings vir Voortrekkers word slegs op 3, 5 en 10 jaar ononderbroke diens gegee.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  - Kommandojeugleier
  - Drie jaar ononderbroke diens

- **Halfkleure**
  - Gebiedsjeugleier
  - Hoofleierswag
  - Vyf jaar ononderbroke diens

- **Erekleure**
  - Nasionale jeugleier
  - Presidentsverkenner
  - Tien jaar ononderbroke diens

## ***BUITE-SKOOLVERBAND TOEKENNINGS***

Prestasies buite-skoolverband is prestasies waar leerders presteer in aktiwiteite buite skoolverband waarby die skool nie geaffilieer is nie, of waar die betrokke aktiwiteit nie deel van die skool se buite-kurrikulêre program is nie. Dit sluit byvoorbeeld aktiwiteite soos Blou Bulle Klubs Rugby, Gauteng-Noord Klub Krieket, Gauteng-Noord Aksie Netbal, Gauteng-Noord Aksie Krieket, Gauteng-Noord Binnenshuise Hokkie, verskillende Kore, Drama, Sang en Dansskole om maar 'n paar te noem, in.

Die skool sal slegs erkenning gee deur gelukwensing op sosiale media en tydens saalopeninge. Leerders mag hul buite-skoolverband Provinsiale of Nasionale kleure wat deur die eksterne organisasie verwerf is, op Vrydae aantrek.